SA Media - The University of the Free State

Page: 1

Source: LANDBOUWEEKBLAD Date: 28-May-2004

Topic: 19 Ref No: 3016

1

ID: 03089208-01 Source Page: 79

# Agribesighede moet swart boere nóú bemagtig

Deur JAN CILLIERS

Landboubesighede moet hul eie mikpunte stel vir die verkryging van landbouprodukte van swart boere. As alternatief moet hulle verseker dat bestaande kommersiële boere net vir 'n voorsieningskontrak in aanmerking kan kom deur met 'n swart boer 'n onderneming aan te gaan waar hulle verantwoordelikheid, kapitaal en risiko deel.

"As dit nie voortydig gedoen word nie, kan ons gou 'n toestand beleef waar van landboubesighede vereis sal word om 30 % of meer van hul handelsware en produkte van swart boere te bekom," het prof. Johann Kirsten van die Universiteit van Pretoria op die kongres van die Landboubesigheidskamer in Boksburg gesê.

Hy het gesê dat dit dan interessant sal wees om te sien hoe landboubesighede moet rondskarrel om seker te maak swart boere boer doeltreffend en lewer produkte van goeie gehalte.

"Ek voorspel grootskeepse betrokkenheid by landbou-ontwikkeling, opleiding en die ontwikkeling van vaardighede, vestiging van boere, verskaffing van produksiemiddele en talle ander dienste. Ek dink egter nie ons moet vir dié drakoniese maatreëls wag nie. Kom ons vestig werkbare vennootskappe nou en verseker daardeur dat ons 'n belangrike bydrae lewer tot bestendigheid, voorspoed en verhoogde sosiaal-ekonomiese welsyn," het Kirsten gesê.

Volgens hom kan en moet landboubesighede 'n reusebydrae lewer om swart boere te help met die uitdagings wat hulle het om hul boerdery-ondernemings te kommersialiseer. Op dié manier kan hulle die voertuig verskaf om armoede in landelike Suid-Afrika grootliks te verminder.

Hy het gesê daar rus 'n morele verpligting op landboubesighede "in al hul verskillende vermommings, soos koöperasies, voedselverwerkers, kleinhandelaars, agente en handelaars", om die reuse-uitdaging van swart ekonomiese bemagtiging in die landbou te ondersteun.

"Landboubesigheid, as die kritieke toetreevlak tot die waardeketting en wat gewoonlik deur die boer as die mark gesien word, kan dus 'n groot speler wees in die uitdaging om swart boere in die kommersiële landbou-ekonomie in te lei.

"In dié opsig is landboubesighede dus 'n sleutelvennoot om grondhervorming en gelykwaardigheid in die landbousektor te laat slaag," het Kirsten gesê.

Volgens hom is dit ná tien jaar steeds nie duidelik in watter mate die landbousektor getransformeer het nie. "Dit is nie bekend hoeveel swart kommersiële boere en hoeveel landboubesighede in swart hande suksesvol tot kommersiële landbou sedert 1994 toegetree het nie."

Volgens inligting van die Nasionale Landboubemarkingsraad lewer swart boerderyprojekte 1,9 % van die sitrus wat uitgevoer word, 8,9 % van die land se katoenproduksie, 0,2 % van die sagtevrugte, 0,9 % van die droëvrugte en 0,1 % van die wynproduksie.

Altesame 1 887 swart graanboere het in 2003 45 676 ton graan by die silo's van die grootste landboubesighede gelewer. Gemiddeld het elke swart boer 24,10 ton graan gelewer.

Dié statistiek lyk nie goed nie, het Kirsten gesê.